# 415 Siel vol kommer en vol smart




Wag nie, swerwer, kom tog gou, by die kruis is heil!
Hoor, die Heiland nooi ook jou, by die kruis is heil!
Dwaal jy nog in donker nag, wil jy hulpeloos versmag?
Liefde kan jou leed versag, by die kruis is heil!

> Kom, o sondaar, kom vandag, by die kruis is heil!
> Moet jou Heiland langer wag, by die kruis is heil!
> Bron van vredeshoop is Hy, vol genade, ryk en vry;
> steeds, vermoeide, digterby, by die kruis is heil!

Hef 'n blye danklied aan, by die kruis is heil!
Daar's vir ons die weg gebaan, by die kruis is heil!
Hy bied hulp en troos in leed, ware liefde ongemeet;
kon die ganse aard' dit weet, by die kruis is heil!

Onbekend R. Lowry (1826-99)